# GEMEENTEGRENSE, NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING EN KERKVERBAND IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

A. Celliers[1]

## ABSTRACT

## CONGREGATIONAL BOUNDARIES, NEW CHURCH DEVELOPEMENT AND CONGREGATIONAL RELATIONSHIPS WITHIN THE DUTCH REFORMED CHURCH

In this article it is argued that in any system in which membership of a particular congregation is determined by the members themselves through subjective criteria, the relationship between congregations is influenced detrimentally. Subjective criteria are the opposite of objective criteria such as geographical boundaries or different language groups. The same is true when a congregation is not respected as God's complete church. Beside this, subjective criteria also question God's providence and also the essential variety of God given gifts that should be present in the congregation in order to function as a complete and healthy Body of Christ. New church development has to take all this into consideration when churches for different culture and generation groups are planted within the borders of existing congregations. It is, after all, not context that is the norm for the church, but God Himself through his Word and Spirit.

## 1. TER INLEIDING

Geografiese gemeentegrense as 'n objektiewe maatstaf waarvolgens bepaal word wie lidmate van 'n bepaalde gemeente mag wees, het die afgelope dekade of wat by name in Nederduitse Gereformeerde Kerkgeledere onder skoot gekom. Aanvanklik was dit uit die hoek van veral verskille in bedieningsbehoeftes van lidmate wat om verskillende redes nie altyd bevredig kan word in die gemeente binne wie se grense hulle bly nie. Die afgelope paar jaar word dit egter ook ter sprake gebring met oog op die planting van nuwe gemeentes binne die grense van bestaande gemeentes in die lig van nuwe kulture wat in 'n snelveranderende wêreld ontwikkel en om andersoortige bedieningstyle vra. Die Kerk-

1 Dr. A. Celliers, Navorsingsgenoot, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

ordelike reëlings vir die afstigting van gemeentes, wat gemeentes in die oog het wat geografies langs mekaar lê, maak in hierdie geval dan nie genoeg voorsiening hiervoor nie. Die afwesigheid van 'n grondige teologiese verantwoording oor gemeentegrense is opvallend in veral die dokumente wat hierdie sake by Algemene Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna Ned. Geref. Kerk) aan die orde stel.[2] Dit word bloot as 'n praktiese aangeleentheid hanteer, terwyl teologiese argumente in hierdie verband tog op ander plekke ter sprake gekom het. Hierbenewens het die wyse waarop geografiese gemeentegrense as objektiewe maatstaf hanteer word, ook wesenlike en praktiese implikasies vir die kerkverband. Ook dit het nog nêrens eksplisiet ter sprake gekom nie. Die gebrek aan 'n behoorlike ekklesiologies-teologiese besinning oor gemeentegrense en die implikasies wat dit vir kerkverband het, kan die volledige kerkwees van gemeentes en die gereformeerde aard van die Ned. Geref. Kerkverband ernstig in gedrang bring. Só word die kerk al hoe meer 'n menslike instelling wat deur die winde van die tydsgees en menslike willekeur heen en weer geslinger word.

Met geografiese gemeentegrense word die reëling bedoel waar die betrokke denominasie 'n bepaalde gebied in kleiner geografiese eenhede indeel wat dan beskou word as gemeentes en waar lidmate geen keuse het as om formeel in te skakel by dié gemeente in wie se geografiese grense hulle bly nie. Dit beteken dat inskakeling by 'n gemeente op 'n bepaalde objektiewe maatstaf berus waarby die individuele lidmaat moet inval. Hierteenoor beteken subjektiewe maatstawwe 'n situasie waar lidmate self die keuse uitoefen op grond van persoonlike redes wat vir hulle as individue van toepassing is.

## 2. GEMEENTEGRENSE

Die Ned. Geref. Kerk het deur sy hele bestaan in Suid-Afrika met 'n stelsel van geografiese gemeentegrense as 'n objektiewe maatstaf vir lidmaatskap gewerk. Dit is sover die kennis strek nooit beredeneer nie en is trouens dwarsdeur die kerkgeskiedenis as 'n gegewe aanvaar. In die tagtigerjare van die vorige eeu het gemeentegrense egter in sekere

2 Die enkele uitsondering is 'n beskrywingspunt van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland wat as 'n reaksie op die besluite van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1994 dien (Ned. Geref. Kerk 1998:302).

stedelike situasies onder skoot begin kom. Dit het gekulmineer in 'n verslag van die destydse Algemene Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie aan die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1990, wat terugverwys is na die kommissie (Ned. Geref. Kerk 1990: 394 e.v., 701), wat voortaan as die Algemene Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening bekend sou staan (Ned. Geref. Kerk 1990:283, 701). Hierdie kommissie het die Algemene Sinode van 1994 met 'n verslag bedien wat grootliks net 'n uitbreiding van die 1990-verslag was (Ned. Geref. Kerk 1994:288 e.v.). Die aanbevelings is met enkele redaksionele wysigings net so goedgekeur (Ned. Geref. Kerk 1994:490). In wese kom die besluit daarop neer dat geografiese grense steeds die primêre bedieningsgebied van die gemeente aandui. Uitsondering kan wel gemaak word waar lidmate met *bona fide* redes, wat nie verder omskryf word nie, hulle lidmaatsvoorregte en verantwoordelike in 'n ander gemeente as die een waar hulle bly, wil geniet en nakom. In so 'n geval moet beide kerkrade dit ná 'n formele aansoek goedkeur. Die objektiewe maatstaf dat mense lidmate van die gemeente is binne wie se geografiese grense hulle bly, is dus gehandhaaf. Uitsonderings is wel moontlik, maar dit word nie aan die willekeur van lidmate oorgelaat nie.

Hierdie besluit is egter verkeerdelik populêr geïnterpreteer as dat gemeentegrense nou stippellyne geword het en dat lidmate eintlik self kan besluit in watter gemeente hulle wil aanbid (vgl. *Die Kerkbode* 1995:9 en Janse van Rensburg 1998:83 e.v.). Dit het bly vassteek en het eintlik praktyk geword. In baie gevalle neem kerkrade nie eers amptelik kennis dat lidmate wat binne hulle geografiese grense woon, formeel lidmate is van 'n ander Ned. Geref. gemeente nie. Hierdie toedrag van sake weerspieël 'n praktyk wat vóór 1990 reeds bestaan het (*Die Kerkbode* 1995:9; Janse van Rensburg 1998:85; Van Vuuren 1992:4). Die inhoud van beide die verslae voor die Algemene Sinodes van 1990 en 1994 wys ook duidelik in so 'n rigting. In hierdie verslae word meestal van praktiese redes uitgegaan waarom geografiese gemeentegrense nie meer gehandhaaf kan word nie. Die 1994-verslag begin dan ook met die redenasie dat geografiese gemeentegrense slegs 'n verlenging van die staatstrukture is waarbinne die eerste gemeentes ontstaan het en wat later ook deur die reformatore oorgeneem is. Hierop word voortgebou deur na die voordele en nadele van vaste geografiese grense te kyk. Opvallend is dat die enkele teologiese argumente wat wel ter sprake gebring word,

bloot genoem word onder die voordele sonder om verder daarop uit te brei. Hier word veral gekonsentreer op die handhawing van goeie orde. Die wesenlike gevaar dat waar geen vaste grense geld nie, lidmate sterker aan die leraar gebind kan word as aan die gemeente, word ook (ten regte — *AC*) uitgewys. So ook dat vaste gemeentegrense die eenheidsband in die gemeente bevorder en evangelisasie vergemaklik.[3] By die nadele gaan dit veral oor praktiese aangeleenthede. Die kernargumente hier gaan oor lidmate se bedieningsbehoeftes, oor waar hulle tuisvoel en hulle gawes die beste benut kan word. Hierby kom die probleme wat veral middestadgemeentes het wanneer meelewende lidmate 'n paar kilometer verhuis en dan onder dwang is om by 'n ander en vreemde gemeente in te skakel. Die organisasie in sulke middestadgemeentes ly veral daaronder. Vaste gemeentegrense is volgens die verslag ook 'n nadeel in die sin dat dit die volkskerkidee bevorder omdat lidmate geen wilsbesluit hoef te maak om by 'n bepaalde gemeente in te skakel nie. Die vraag is of gemeentegrense hiervoor verantwoordelik gehou kan word, en of dit nie eerder voor die deur gelê moet word van die redes waarom geloofsdissipline eintlik nie meer in gemeentes funksioneer nie. Hierby kom ook die vraag na die verantwoordelikheid van die ouers en die gemeente ten opsigte van die geestelike leiding aan dooplidmate, of die kategese daarin slaag om 'n goeie kerkbegrip te kweek en of hulle met genoeg verantwoordelikheid toegelaat word om belydenis van geloof af te lê. Samevattend moet gesê word dat die verslae die idee skep dat formele gemeentegrense (wat op objektiewe maatstawwe soos byvoorbeeld geografiese lyne berus) eintlik net 'n praktiese aangeleentheid is wat binne 'n bepaalde konteks ontwikkel het en gehandhaaf is, maar wat in 'n veranderende konteks verander kan en selfs verander moet word.

In reaksie op bogenoemde besluit van 1994 het die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland 'n beskrywingspunt op die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1998 laat dien (Ned. Geref. Kerk 1998:302) waarin beweer word dat die besluit van 1994 eintlik twee teenstrydige, wedersyds uitsluitende besluite met mekaar probeer

3 Gibbs & Coffey (2001:80) merk in hulle boek oor noodsaaklike veranderinge in kerk se bediening in die lig van 'n snelveranderende wêreld die volgende op:

> One positive aspect of the parochial system is that it has anchored the church in the more socially deprived areas and put a break on the church's flight to the suburbs.

versoen, naamlik dat gemeentes 'n duidelik omskrewe grens het waarby alle lidmate verplig is om in te skakel, en die voorsiening dat lidmate na willekeur kan inskakel waar hulle dit verkies. Dit word gemotiveer vanuit die feit dat afdwingbare geografiese gemeentegrense deur die eeue gegroei het

> vanuit die gereformeerde belydenis dat die gemeente versamel, gebou en onderhou word deur die amptelike diens van die Woord, onder die heerskappy van Christus (deur die ampte) en onder leiding van die Heilige Gees (deur die ampte).

Dit beteken volgens hulle dat lidmate binne 'n bepaalde gemeente voorregte geniet en wedersydse verantwoordelikheid vir mekaar dra. Sonder enige werklike verdere motivering kom hulle dan tot die gevolgtrekking dat die individu eintlik geen keuse het met wie hy/sy wil assosieer nie. Dit is 'n vraag of dit werklik 'n ontwikkeling vanuit die gereformeerde belydenis was. In gereformeerde kringe is dit waarskynlik gehandhaaf en toegepas op grond van die gesag en selfstandigheid van die gemeente, maar daar is geen twyfel dat die gebruik reeds voor die hervorming in die Rooms-Katolieke Kerk bestaan het nie (Heyns 1992: 532 e.v.; Ned. Geref. Kerk 1994:288). Op die oog af kan artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in 'n stadium verklaar dat alle gelowiges verplig is om "hulle by die vergadering (van die kerk — *AC*) aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het", moontlik gebruik word as 'n beginsel ten gunste van afdwingbare geografiese grense. Dit is egter 'n goeie vraag of dié artikel enigsins 'n teologiese grondslag probeer verskaf vir gemeentegrense en of die bewoording nie maar net 'n weerspieëling is van 'n gebruik wat as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die Algemene Sinode 1998 het kennis geneem van die beskrywingspunt en kerkrade gewys op die feit dat die gesag en besluitreg in die hande van die kerkraad van die gemeente is waar die lidmaat woon (Ned. Geref. Kerk 1998:451 e.v.).

Die Algemene Sinode van 2002 het hierdie saak weer bespreek, hierdie keer onder die noemer van kerklidmaatskap (Ned. Geref. Kerk 2002:306-311; 559). Tydens hierdie vergadering is gemeentegrense as objektiewe maatstaf vir kerklidmaatskap laat vaar. Gemeentegrense is wel behou as die wyse waarop die gebied bepaal word waarvoor die gemeente institusionele verantwoordelikheid aanvaar om daar die koninkryk van God op elke terrein te bevorder. Daar is ook besluit dat

lidmaatskap van 'n gemeente wel verpligtend is, alhoewel dit nie die een hoef te wees binne wie se geografiese grense die lidmaat bly nie. Die kruks lê egter in die besluit: "By watter gemeente ingeskakel word, is *primêr* die verantwoordelikheid van die lidmaat" (Ned. Geref. Kerk 2002:559). Riglyne hoe hierdie saak in die praktyk van gemeentewees hanteer moet word, is terselfdertyd goedgekeur. In die verslag op grond waarvan hierdie besluite geneem is, word in aansluiting by vorige verslae van die uitgangspunt uitgegaan dat dit slegs 'n praktiese saak is wat op geen Skriftuurlike of teologiese beginsels rus nie (Ned. Geref. Kerk 2002:307). Daarom dat die huidige praktyk waar die postmoderne mens eenvoudig inskakel waar hy wil (vgl. Ned. Geref. Kerk 2002:307), nou 'n kerklike besluit geword het. Hiermee is in feite, minstens wat hierdie saak betref, gebreek met die uitgangspunt dat dit die Here van die kerk self is wat die lewe van die kerk bepaal (vgl. Bouwman 1934:10).

## 3. NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING (NGO)

Gemeentegrense as objektiewe maatstaf waarvolgens lidmaatskap van 'n gemeente bepaal word, kom ook by die konsep van NGO ter sprake. Hier gaan dit nie net oor lidmate wat self besluit waar hulle inskakel nie, maar ook oor die stigting van gemeentes waar daar reeds gemeentes bestaan; dus 'n oorvleueling van grense tussen meer gemeentes. Nuwe Gemeente Ontwikkeling is as konsep die eerste keer in Algemene Sinodale verband van die Ned. Geref. Kerk in 2002 in 'n verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening (AKG) gemeld, en wel in verband met die evangelisasietaak van die kerk (Ned. Geref. Kerk 2002:121 e.v.). Terme soos kerkplanting en multikulturele bediening word ook in hierdie verband gebruik. Uit die verslag, en die bronne waaruit dit put (onder andere Gibbs & Coffey 2001 en die webwerf van die Christian Reformed Church in America), is dit duidelik dat daar die afgelope paar dekades wesenlike skuiwe in die denkstruktuur van mense gekom het. Die sogenaamde postmodernisme, asook talle ander veranderinge wêreldwyd het 'n totale kultuurskuif in veral die westerse wêreld tot gevolg. Dieselfde geld ook in Suid-Afrika, waar die verandering in die politieke bedeling en al die emosionele kwessies wat daarmee gepaard gegaan het, bykomende stimuli vir die totstandkoming van 'n "nuwe" kultuur onder mense is, veral ook dié uit 'n Westerse agtergrond waaruit die Ned. Geref. Kerk se lidmate tradisioneel

kom. Hierdie kultuurverandering het wêreldwyd 'n invloed op veral die hoofstroomkerke,[4] en volgens die verslag geld dieselfde vir die kerk in Suid-Afrika en by name dus ook die Ned. Geref. Kerk. Dit raak twee sake. Die eerste is reeds genoem en gaan oor die kultuurskuif wat binne sogenaamde homogene kultuurgroepe plaasvind, sodat daar sprake kan wees van generasies met uiteenlopende kulture binne een bevolkingsgroep. Volgens die verslag raak dit vir gemeentes toenemend moeilik om 'n geestelike tuiste vir almal te bied. Mense wat binne die kerk grootgeword het, maar net nie meer deel van die tradisionele kultuurgroep is nie, vind eenvoudig nie meer aanklank by die tradisionele bedieningstyl van die Ned. Geref. Kerk nie. Die tweede gaan oor die veranderinge van vroeëre kultureel-homogene woonbuurte na 'n totale multikulturele opset. Die middestad van verskeie stede is goeie voorbeelde hiervan. Hierdie multikulturele kontak tussen mense het natuurlik ook 'n invloed op hulle denkwyse en vorming van 'n nuwe kultuur. Waar byvoorbeeld die Ned. Geref. Kerk sy evangelisasietaak in so 'n multikulturele opset ernstig opneem, gebeur dit dat bekeerlinge net nie 'n geestelike tuiste in 'n tradisionele Ned. Geref. Kerk-opset vind nie. Dat genoemde invloede op die kerk nie lugspieëlings is nie, word gestaaf deur demografiese gegewens wat dui op die feit dat die hoofstroomkerke en by name ook dié in die gereformeerde tradisie 'n beduidende aantal lidmate na die meer charismatiese kerke toe verloor en dat die aantal sogenaamde buitekerklike Christene groei. Hieruit (en ook om

4 Gibbs & Coffey (2001:17 e.v.) praat van 'n groeiende krisis in Europa sedert die Eerste Wêreldoorlog en in Noord-Amerika sedert die middel 1960's. Dit gaan veral oor 'n drastiese afname in lidmate. Hulle verwys na sienings dat die institusionele kerk in Amerika oor 25 jaar baie anders gaan lyk as tans en dat baie denominasies en gemeentes nie meer gaan bestaan nie. Die rede hiervoor is die radikale skuiwe in die samelewing en die feit dat hoofstroomkerke nie betyds wakker skrik en daarop reageer nie. In teenstelling hiermee is daar 'n groei in ander godsdienste, maar ook in wat hulle noem "new paradigm churches" (:22). "They are acutely market-sensitive and base their strategy on attracting the non-churchgoer into 'seeker-sensitive' worship services" (:23). Volgens hulle werk van hierdie kerke wel binne 'n modernistiese denkraamwerk, maar het terselfdertyd 'n groeiende radikale postmoderne vleuel met 'n "transformational message and lifestyle" (:23). Hulle wys ook op voorbeelde van leiers in tradisionele hoofstroomkerke wat probeer om uit hierdie beweging lesse te leer ter wille van die voortbestaan van hulle eie kerke (vgl ook *Die Kerkbode* 2002:9).

ander redes) het die behoefte ontstaan om gemeentes te ontwikkel wat wel aan hierdie mense 'n geestelike tuiste bied.[5] Die Algemene Sinode 2002 het onder andere hieroor besluit:

> Die Sinode sien NGO as 'n wyse van uitreik na die buitekerklike asook 'n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee (Ned. Geref. Kerk 2002:542).

Uiteraard sal daar gevalle wees waar so 'n nuwe gemeente sy bedieningsgebied moet deel met een of meer gemeentes wat nog steeds 'n meer tradisionele bedieningstyl het. Die opvolgverslag wat voor die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 2004 gelê is, voorsien dan ook dat dit die wyse waarop die kerk gemeentegrense hanteer, raak en vra dat daar hieroor deeglike besinning sal wees, veral ook in die lig van die feit dat die Ned. Geref. Kerk tot nou met 'n afstigtingsmodel gewerk het (Ned. Geref. Kerk 2004:102).

## 4. KERKVERBAND

Binne gereformeerde kringe is dit die gemeente as volledige of komplete kerk wat die vertrekpunt vir kerkverband is (Kleynhans 1985:1). In die wyse waarop die Nuwe Testament eksplisiet of by implikasie oor die kerk praat, is 'n gemeente volledig kerk wanneer die lidmate as 'n korporatiewe eenheid wat binne die raamwerk van die suiwer bediening van die Woord en die sakramente en funksionering van die kerklike dissipline vergader; in 'n lewende geloofsverbondenheid aan Jesus Christus lewe; met liefdesbande aan mekaar verbonde is en vir mekaar lewe; in woord en daad met die evangelie na buite lewe om

5 In 'n opvolgverslag oor Nuwe Gemeente Ontwikkeling wat aan die Algemene Sinode van 2004 voorgelê is, word die volgende scenario geteken:

> Gemeentestigting (kerkplanting) beteken dat in snelgroeiende gebiede of in gebiede waar die sosio-ekonomiese omstandighede verander, en waar die behoefte ontstaan aan 'n nuwe bediening wat spesifiek voorsiening maak vir 'n bedieningstyl gerig op die omgewing wat anders is as die bedieningstyl in die bestaande gemeentes gevestig kan word. NGO kan ook benut word in areas waar geen kerk bestaan nie, óf bestaande gemeentes kwynend is, óf waar bedieningsbehoeftes ontstaan het en bestaande gemeentes om 'n verskeidenheid van redes moeilik daaraan sal kan voldoen. Onder kwynend word verstaan 'n dramatiese daling in getalle en ernstige daling in finansies, tot so 'n mate dat die bediening begin skade ly omdat die bediening nie meer bekostig kan word nie (Ned. Geref. Kerk 2004:102).

as instrument van die Gees die gemeente ekstensief op te bou en God se heerskappy op alle lewensterreine uit te leef; deur besondere bedieninge (opgebou) onderrig, toegerus, gelei, vermaan en getug word om mekaar te kan (opbou) toerus, onderrig, lei en vermaan met die doel om as God se gemeente sigbaar in en vir die wêreld te leef; alles tot sy eer (Celliers 2003:259). In kort: 'n Gemeente met 'n bedieningstruktuur waarin en waardeur gelowiges onder die suiwer bediening van die Woord, sakramente en geloofsdissipline gehelp word om primêr vir God, maar ook voluit vir mekaar en vir die wêreld te leef, is volledig kerk. Anders-om gesê: dit is juis omdat al hierdie dinge, Skriftuurlik gesien, in die gemeente gebeur dat dit volledig kerk is. As volledig kerk het die gemeente prinsipieel geen ander gemeente nodig om kerk te wees nie (Kleynhans 1985:1).

Kerkverband is dan volledige kerke wat met mekaar in verband tree, nie om meer kerk te word nie, maar omdat hulle kerk is (Strauss 2001: 396). Al is die gemeente volledig kerk, is dit nie die hele kerk nie. Uit die Skrif is die eenheid en algemene aard van die kerk duidelik. Op grond van hulle gesamentlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, hulle gedeelde instemming met die waarheid van die evangelie, gehoorsame leefwyse en opdrag, is gemeentes aan mekaar verbind en is hulle as 'n korporatiewe eenheid volk van God in die wêreld. Uit die Skrif is dit duidelik dat hierdie eenheid van die kerk 'n gawe van God is, maar ook 'n opdrag (Coertzen 1993:100). En juis daarom tree gemeentes wat dieselfde geloof deel met mekaar in verband — nie om een te word nie, maar om uitdrukking te gee aan hulle Godgegewe eenheid en dit sigbaar te maak "sodat die wêreld kan glo" (Johannes 17).

In die Skrif het hierdie eenheid tussen gemeentes op verskillende praktiese maniere duidelik geword. Twee voorbeelde: Die sogenaamde Apostelkonvent waarvan ons in Handelinge 15 lees, gaan oor 'n krisis wat die eenheid van die kerk en sy getuienis na buite wesenlik bedreig. In Antiogië het Joodse Christene uit Jerusalem daarop aangedring dat die bekeerlinge uit die heidendom ook besny moes word as voorwaarde vir hulle verlossing (Handelinge 15:1). Die meningsverskil wat hieroor ontstaan het, was so hewig dat die gemeente uiteindelik besluit het om Paulus, Barnabas en nog 'n paar mense na die apostels en ouderlinge in Jerusalem oor hierdie saak te stuur (Handelinge 15:2). Die oplossing wat die apostels en ouderlinge van Jerusalem onder leiding

van die Heilige Gees aanbied, maak dit duidelik dat die eenheid van die kerk ter wille van die verkondiging van die evangelie aan die heidene uiteindelik die grootste oorweging was (De Villiers 1988:113; Van Zyl 1989:59 e.v.). Hier is 'n duidelike kompromie merkbaar. Enersyds is enigiets wat tot Christus se verlossing as voorwaarde vir redding bygevoeg word, nie aanvaarbaar nie (De Villiers 1988:112 e.v.). Dus hoef Christene uit die heidendom nie besny te word nie (Handelinge 15:19). Dit gee die Christene uit die Jodedom toe en so word die waarheid van die evangelie gehandhaaf. Aan die ander kant vra hulle dat die Christene uit die heidendom hulle wel sal hou aan bepaalde Joodse wetsvoorskrifte (Handelinge 15:20 e.v., 28 e.v.). Beide kante van die *ekklesia* van destyds maak toegewings ter wille van 'n groter saak sonder om die hart van die evangelie aan te tas en so "kan die Christelike sending nou vanuit 'n verenigde tuisbasis tussen Jode- en heiden-Christene, van krag tot krag gaan …" (Van Zyl 1989:59).

Die tweede praktiese voorbeeld van die eenheidsbewussyn in die vroeë kerk is die konkrete hulp in die vorm van 'n kollekte wat ander gemeentes met en sonder die aandrang van Paulus vir die gemeente in Jerusalem ingesamel het (2 Korintiërs 8 en 9; Du Plooy 2005:21). Die kenmerk van hierdie diens is dat mense van dit wat hulle aan geestelike en/of materiële goedere het, aan ander gee om hulle daardeur in hulle nood te help (Pop 1980:239 e.v.). Hierdie hulpverlening is gegrond op 'n onderlinge besorgdheid tussen Christene en gemeentes wat op verskillende maniere in die Skrif na vore kom en wat nie net 'n gesindheid is nie, maar 'n daad wat gegrond is op die diensbetoning van Christus (2 Korintiërs 15:4).

Die Ned. Geref. Kerk gee sigbare gestalte aan kerkverband deur drie meerdere vergaderinge (ring, sinode en algemene sinode) en die gesamentlike werksaamhede wat daaruit voortspruit. Dit is belangrik om op te merk dat hierdie meerdere vergaderinge wel gesag het en besluite kan neem wat bindend is op mindere vergadering en dus ook op gemeentes (vgl. Kerkorde 2004:11, Artikel 20). Kerkverband in die Ned. Geref. Kerk is dus nie 'n losse federasie van gemeentes waar gesamentlike vergaderings blote konferensies is wat op die meeste advies kan gee nie (vgl Kleynhans 1985:9, 142). Aan die ander kant is meerdere vergaderings nie hiërargies van aard in die sin van 'n hoër bestuur met ondergeskikte takke nie. Meerdere vergaderings se agendas, en dus ook

hulle besluitnemingsbevoegdheid is beperk tot sake wat of kerkordelik as gemeenskaplik ooreengekom is, of duidelik so is. Artikel 22.1 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk bepaal dan ook:

> In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuishoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie (Kerkorde 2004:11).

Die aard van die gesag van hierdie vergaderings (en dié van die kerkraad) word self ook gekwalifiseer as kerklike gesag wat deur Christus verleen is (vgl. Kerkorde 2004:11, Artikel 20.1), in teenstelling met byvoorbeeld staatsgesag (Nauta 1971:123).

Vir die doel van die artikel is dit ook belangrik om raak te sien dat die eenheid van die kerk ook daarin lê dat gemeentes as volledige kerke dieselfde opdrag het, of dit nou interne opbou of getuienis na buite is. Dit is reeds in die Skrif (vgl. Paulus se Brief aan die Galasiërs), maar ook uit die kerkgeskiedenis en ons eie kennis van die praktyk duidelik dat gemeentes hiermee sukkel en soms selfs misluk. Gemeentes tree dan in verband met mekaar juis om mekaar hierin te help en by te staan soos dit uit die twee voorbeelde hierbo sigbaar word — nie om meer kerk te word nie, maar om beter kerk te word.

> Prinsipieel beskou, is kerkverband bedoel om die gemeentes geestelik te verryk én te bewaar van die eensydigheid van sektarisme. Die verband moet die gemeentes in hulle kerkwees versterk en nie strem nie en gee op 'n konkrete manier gestalte en kanale aan hulle deelwees van die algemene Christelike kerk (Strauss 2001:397).

Kerkverband bestaan dus ter wille van die gemeentes as volledige kerke en nie anders-om nie.

In hierdie verband is dit belangrik om raak te sien dat dit juis die ring is, as naaste en belangrikste uitdrukking van kerkverband (Kleynhans 1985:51), wie se funksies direk te make het met die kerkwees van gemeentes. Die onderlinge ooreenkoms waartoe Ned. Geref. Kerkgemeentes gekom het, is om aan ringe in artikel 31 van die Kerkorde die volgende opdrag te gee:

> Tot die werksaamhede van die ring behoort: kerkvisitasie; die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom; advies en hulp aan kerkrade; die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense; die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf in beroep voor die ringsvergadering gebring

> word; die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal; die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (sien Art. 62.2) (Kerkorde 2004:16).

As gesaghebbende vergadering van gemeentes ter wille van hulle volledige kerkwees en as "hartaar van die kerkverband" (Kleynhans 1985:51), moet die ring na alle kante toe eerbiedig word, ook ten opsigte van gemeentegrense en NGO. Dit mag egter nie ten koste van die gemeente se volledige kerkwees geskied nie, maar juis om dit te versterk.

## 5. GEMEENTEGRENSE, NGO EN KERKVERBAND

Dit is juis vanuit hierdie kwessie dat die hantering van gemeentegrense en die NGO in verband gebring word met kerkverband. In reaksie op 'n uitnodiging van Prof. Coertzen, destyds aktuarius van die Algemene Sinodale Kommissie, in die Kerkboderubriek "Die Kerk se reg", dat lidmate moet skryf hoe hulle voel oor die besluit van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1994 oor gemeentegrense, is die vrees uitgespreek dat dit kan lei tot 'n mededingende gees tussen gemeentes, die doelbewuste werwing van lidmate en die opbou van die gemeente wat kan skade lei (*Die Kerkbode* 1995:4). Dat hierdie vrese nie ongegrond is nie, word in die praktyk duidelik. In meer as een gesprek wat ek met predikante oor die opsigtaak van die ring oor gemeentes (Kerkorde 2004:16, Artikel 31.2), gehad het, is dit afgewys as sou dit nie meer relevant wees en kan werk in die huidige situasie waar daar kompetisie tussen gemeentes is nie. Die praktyk van oop gemeentegrense, of anders gestel waar subjektiewe maatstawwe of dan menslike willekeur bepaal by watter gemeente gelowiges inskakel, kan dus daartoe lei dat gemeentes met mekaar meeding om dieselfde mense. In 'n verbruikersamelewing word 'n bepaalde gemeente een van baie konkurrente wat sy produkte so aantreklik en verbruikersvriendelik moontlik teen die beste waarde vir geld in 'n kompeterende mark moet bemark (vgl. Gibbs & Coffey 2001:48 e.vv.). Waar dit gebeur, moet noodwendig (bewustelik of onbewustelik) meer aandag gegee word aan mense se bedieningsbehoeftes in die funksionering en ordening van die gemeente,

as aan dit wat volgens die Skrif van die gemeente volledig en wesenlik kerk maak (vgl. *Die Kerkbode* 1995:4). Die suiwerheid van die leer en 'n gehoorsame leefwyse kan só in gedrang kom omdat dit ondergeskik kan raak aan dit wat die "kliënte" wil hê. Hiermee saam kan gemeentes dus makliker selfgerig word en ter wille van hulleself en hulle voortbestaan begin bestaan en werk. Die predikantfiguur kan ook só te sentraal begin word met die klem op charismatiese predikers wat mense trek in plaas van die suiwer bediening van die Woord (Strauss 2001:398). Die feit dat hulle en die gemeentes wat hulle bedien in dieselfde omgewing dieselfde Godgegewe roeping en koninkryksgerigtheid het, word só op die agtergrond gedring. Die ring, as naaste en belangrikste gestalte van kerkverband, en sy funksie, kom hiermee ook in gedrang. Op hierdie manier word die eenheid van die kerk, die gedeelde belydenis en die Godgegewe verantwoordelikheid wat gemeentes teenoor mekaar het en wat grondliggend aan kerkverband is, oppervlakkige sake waaraan blote lippediens gewy word en word meerdere vergaderings hoogstens konferensies waar ons mekaar lekker warm vryf.

Die Algemene Sinode van 2004 het besluit dat in die proses van NGO die kerkraad binne wie se grense die nuwe gemeente ontwikkel moet word, die leiding en verantwoordelikheid moet neem (Ned. Geref. Kerk 2004:102 e.v., 369). Die moontlikheid word wel voorsien dat die kerkverband die eerste kan wees wat die noodsaaklikheid of moontlikheid daarvan kan insien. In hierdie verband word die vereiste dan gestel dat daar met die betrokke kerkraad(e) in gesprek getree en hulle samewerking sover moontlik verkry moet word. Daar word ook bepaal dat waar die betrokke kerkraad(e) om een of ander rede glad nie samewerking wil gee nie, met so 'n ontwikkeling voortgegaan kan word indien die kerkverband (ring of sinode) daartoe toestemming verleen. In 'n bespreking oor 'n situasie waar nuwe bedieninge in 'n veranderende konteks ontwikkel moet word in gebiede waar bestaande kerke en gemeentes reeds besig is en waar die bestaande kerke weier om dit toe te laat, verwys Gibbs & Coffey (2001:81) na die beeld van die hond wat self nie strooi wil eet nie, maar ook die koei weghou van die strooi af en beide uiteindelik vrek. Hieruit maak hulle die belangrike opmerking:

> Mission courtesy can lead to churches that have no heart for evangelism preventing other churches from undertaking the task they are neglecting.

'n Kerk wat verstaan dat dit deel van sy Godgegewe aard is om met die evangelie na buite uit te reik, kan so iets nie toelaat nie en moet dit aanspreek. Daarom is die implikasie by NGO dat die koninkryk van God (vgl. vorige punt) groter klem moet kry as die gemeente se belange, prysenswaardig. So ook die feit dat die opsigfunksie van die kerkverband oor die gemeente positief ter sprake gebring word (vgl. Kerkorde 2004:16, Artikel 31). Tog skemer die gevaar deur dat die kerkverband inisiatiewe kan neem wat die volledige kerkwees van 'n gemeente met al die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan, ingesluit, kan ondermyn (vgl. *Die Kerkbode* 2002:9).

Die opsigtaak van die ring oor die gemeente sluit nie 'n verbygaan by die gemeente in nie, maar juis die verantwoordelikheid om die gemeente tot uitleef van sy roeping te begelei. Die kerkverband is nie 'n soort baas wat die gemeente as 'n ondoeltreffende werknemer kan afdank en iemand anders in sy plek aanstel nie. Die aangewese weg sou eerder wees dat die kerkverband met 'n pastorale erns die gemeente vermaan, lei en daadwerklik ondersteun om sy verantwoordelikheid in te sien en na te kom. Waar Gibbs & Coffey (2001:81) die volgende vanuit hulle Amerikaanse en Britse agtergronde voorstel: "New groups should be welcomed to work alongside existing churches, pooling their resources to meet the ministry needs of areas that are beyond the resources of any one group", kan dit in die Ned. Geref. Kerk lei tot gemeentes wat in ringsverband volledig saamwerk om in hulle eie gebied voorsiening te maak vir 'n toepaslike bediening. Waar 'n ring dalk sukkel om in hierdie verband sy opsig- en samewerkingsfunksie te vervul, en in die huidige tydsgewrig selfs onwillig kan wees om dit te doen, moet die kerkverband herstel word[6] sodat ringe weer opnuut hulle verantwoordelikhede teenoor gemeentes met toewyding kan nakom en gewillig sal wees om ter wille van 'n saak wat groter as hulleself is, saam te werk (vgl. Strauss 2001:402 e.v.). Waar die kerkverband op een of ander wyse by NGO die inisiatief neem en/of betrokke is, moet dit juis gaan om gemeentes te help om hulle Godgegewe roeping in hulle omgewing uit te leef (vgl. Gibbs & Coffey 2001:71), en dan op so manier dat dit nie die kerkverband en dit wat daaraan grondliggend is,

6 Oftewel die reformasie van die kerkverband in die lig van die Skrif, belydenis en gereformeerde kerkregtelike beginsels.

in gedrang bring nie.[7] Die gemeente is immers volledig kerk op daardie plek en moet as sulks gerespekteer en verryk word (vgl. Strauss 2001:399).

Dit is 'n ope vraag of gemeentes wel nog die gesag van meerdere vergaderings erken, veral waar 'n verskil van mening bestaan (vgl. Janse van Rensburg 1998:83 e.v. en Strauss 2001:398 e.v.). Die individualisme wat ons tydsgees kenmerk, maak dit nog moeiliker, maar die vraag is of die kerk ten alle koste voor die tydsgees moet buig, en of die tydsgees nie juis waar dit in stryd kom met die Woord, bestry moet word nie.[8] Dit beteken egter nie dat die herstel van kerkverband die hervestiging van hiërargiese en burokratiese strukture is nie. Gibbs & Coffey (2001:70) praat vanuit die Amerikaanse konteks van die dood en opstanding van denominasies in die verandering van 'n moderne na 'n postmoderne samelewing: "from a hierarchical mentality to a networking mindset" (vgl. Olivier & Van Deventer 2004:15). Teoreties is kerkverband in die Ned. Geref. Kerk juis nie-hiërargies en nie-burokraties, soos hierbo reeds gesê. In die praktyk is dit egter 'n ander storie (Strauss 2001:399 e.v.). Die herstel van kerkverband beteken vir die Ned. Geref. Kerk 'n radikale reformasie terug na die gereformeerde (Skriftuurlike) beskouing van gemeentes en die wyse waarop hulle in

7 Du Plooy (2005:22) pleit in 'n artikel in die *Kerkblad*, amptelike orgaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, dat kerke (gemeentes) en groepe wat besware teen bepaalde sinodebesluite het, die kerkordelike weg moet volg in die hantering daarvan. Sy vrees is dat as mense nie die kerkordelike afspraak van hoe kerke (gemeentes) met mekaar in verband staan, eerbiedig nie, dit tot kerkskeuring kan lei. Die wyse waarop gemeentes in 'n gereformeerde kerkregeringstelsel met mekaar in verband staan, het immers goeie Skriftuurlike grond. Daarom is Du Plooy se pleitrede ook relevant in die Ned. Geref. Kerk se hantering van NGO, al gaan dit oor 'n ander saak.

8 In hierdie verband maak Olivier & Van Deventer (2004:14) in hulle artikel met die titel "Kerklike bediening aan die postmoderne stadsmens", die belangrike opmerking dat die kerk nie self post-modernisties moet word nie, maar die postmoderne mens moet bedien. Indien dit beteken dat die kerk haar moet laat vorm deur die Woord en Gees, en nie deur die tydgees nie, word hiermee volmondig saamgestem. Dat hulle hiermee nie bedoel dat die kerk oral en te alle tye presies dieselfde moet lyk en funksioneer nie, word duidelik wanneer hulle ten regte opmerk dat die kerk nie kan stagneer nie (:14). Juis om die postmoderne mens te kan bedien moet die kerk binne die ruimte wat die Woord bied, nuwe weë vind. Hulle praat van 'n "vernuwingsingesteldheid (Ef. 4:23)" (:16).

Christus aan mekaar vasgebind is en die aard van hierdie verhouding (Strauss 2001:402 e.v.; vgl. Du Plooy 2005:22). Indien nodig, sou dit "dood en heropstanding" (in 'n nuwe wêreld) kon beteken. Baie van dit wat grondliggend aan netwerke is (vgl. Gibbs & Coffey 2001:84) kan ook hiermee opgevang word. 'n Noodsaaklike voorwaarde vir egte reformasie in die nuwe postmoderne konteks is egter dat die onderskeid tussen wesenlike sake (dinge wat in die hart van die evangelie lê en dus in alle gemeentes dieselfde móét wees) en sake van middelmatige belang (dinge wat wel kan verskil) baie helder in die oog moet wees (Celliers 2003:237), helderder as tans.

## 6. OBJEKTIEWE MAATSTAWWE VIR GEMEENTEGRENSE

Dit bring ons by die vraag of die hantering van gemeentegrense bloot 'n praktiese aangeleentheid is waar veranderinge aangebring kan en moet word as die konteks sodanig verander, en of daar wel teologiese gronde is wat van gemeentegrense 'n beginselsaak maak. Anders gevra, is daar objektiewe maatstawwe waarvolgens bepaal word wie lidmate van die gemeente as volledige kerk kan en moet wees, of word dit oorgelaat aan die willekeur van gelowiges? En indien daar wel objektiewe maatstawwe is, watter rol verskille in taal, kultuur, bedieningsbehoeftes, spiritualiteit, geslag en dies meer kan of mag speel.

### 6.1 Van spontaan tot afgedwing

In die Nuwe Testament het gelowiges op 'n bepaalde plek spontaan bymekaar gekom en gemeentes gevorm, sonder dat afgebakende grense en duidelike grensbeskrywings ooit 'n kwessie was (Heyns 1992:532). Wanneer Paulus briewe skryf, skryf hy aan 'n gemeente op 'n bepaalde geografiese plek of in 'n geografiese streek. Die gelowiges wat in daardie besondere plek bly, vorm die gemeente op daardie plek. In die groot stede is huisgemeentetjies waarskynlik vanuit die praktiese oorweging van hoeveel mense in 'n huis kan inpas op 'n natuurlike en spontane wyse gevorm (Van Zyl 1997:40 e.v.; Heyns 1992:532). In Korinte het hierdie huisgemeentetjies waarskynlik ook gereeld spontaan saam vergader in 'n huis wat groot genoeg was vir almal, terwyl dit in Rome nooit gebeur het nie, waarskynlik vanweë die grootte van die stad (Banks 1980:39, 381). Heyns (1992:532 e.v.) toon verder aan hoe daar vanaf

die reëling dat die grense van die bisdomme sal saamval met die grense van die politieke provinsies deur die Konsilie van Nicea in 325 n.C. gevorder is tot die vaste indeling van gemeentes met afdwingbare geografiese grense (vgl. Ned. Geref. Kerk 1994:288). In die Rooms-Katolieke kerk was dit aanvanklik om administratiewe en organisatoriese redes gedoen, maar by die Konsilie van Trente in 1545-1546 is vaste besluite hieroor op grond van pastorale redes geneem in die lig van die gevare wat die hervorming vir die Rooms-Katolieke kerk ingehou het. Calvyn het dit op sy beurt in Geneve in 1541 vanuit die reformatoriese oortuiging van die gesag en selfstandigheid van die gemeente deurgevoer. Ook hier te lande en in die Ned. Geref. Kerk by name is afdwingbare geografiese grense vir baie jare as die aanvaarbare manier van doen beskou. Tog is daar in 'n stadium begin om uitsonderings te maak en is kategoriale gemeentes wat oor ander gemeentes se grense strek, vir ander bevolkingsgroepe, verskeie taalgroepe, studente, hardhorendes en dies meer gevorm. Tans is daar 'n volledige oorvleueling van grense tussen die gemeente van die Ned. Geref. Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk, die Ned. Geref. Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa.[9] Dan is daar ook tans Portugees-, Engels- en Nederlandstalige Ned. Geref. gemeentes met lidmate wat uit die geografiese bedieningsgebiede van verskeie "Afrikaanse" Ned. Geref. gemeentes kom. In hierdie gevalle geld dus ander objektiewe maatstawwe vir lidmaatskap van 'n bepaalde gemeente, as geografiese woonplek. Kategoriale gemeentes in hierdie sin is aanvaarbaar onder voorwaardes dat die goeie deurwerking van die evangelie in mense se lewens daardeur gedien moet word (Celliers 2003:238 e.v.), die Godbedoelde verskeidenheid binne 'n gemeente (1 Kor. 12) nie in gedrang kom nie, die kerkverband (ring en sinode) aktief betrokke is by die besluitneming en die vasstelling van objektiewe maatstawwe en die besluit nie oorgelaat word aan die willekeur van lidmate nie.[10] Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1994 se besluit dat lidmate wat om *bona fide* redes by 'n ander gemeente wil inskakel by beide

9 Laasgenoemde drie kerke het oorspronklik vanuit die sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk onder verskillende kultuurgroepe ontstaan.

10 Die Ned. Geref. Gemeente Universiteitsoord is 'n goeie voorbeeld van waar gekies is téén 'n kategoriale studentegemeente. Die kombinasie van studente en ander lidmate dien die opbou van die gemeente en dra by tot haar volledige kerkwees. Beide groepe vul mekaar uitstekend aan.

kerkrade toestemming moet kry voordat dit mag gebeur (Ned. Geref. Kerk 1994:490 e.v.), is 'n verdere uitsondering op 'n ander wyse.

### 6.2 'n Pragmatiese benadering?

Dit is natuurlik so dat die situasie in veral die moderne stede waar duisende gelowiges binne gemaklike bereik van mekaar byeengetrek is, anders lyk as in die vroeë kerk, die Middeleeue, die tyd van die hervorming en die grootste deel van die geskiedenis van Suid-Afrika. Vanweë die goeie infrastruktuur, moderne vervoermiddels en kommunikasietegnologie is afstand nie meer 'n faktor nie (vgl. Dingemans 1987: 80 e.v.). Groot vergadersale waar duisende mense op 'n keer kan vergader en gemeentesentrums waar feitlik al die bedrywighede van 'n groot gemeente gehuisves kan word, is aan die orde van die dag. Hierby het die massamedia eredienste tot in mense se huise ingebring. Daarom is geografiese gemeentegrense nie meer 'n spontane en logiese ordereëling nie (Heyns 1992:530), maar eerder 'n reëling wat afgedwing moet word om dit te laat werk. Vir Heyns (1992:534) is bedieningstrukture histories en samelewingsgebonde.

> Of daar geografiese grense of geen grense sal wees nie en indien daar grense moet wees, waar die grense sal wees, is almal menslike besluite wat verband hou met die samelewing, die omstandighede en die tyd waarin ons leef. Die feit dat lidmate in die geval van nie-territoriale gemeentes kan kies waar hulle wil inskakel, is nie noodwendig meer sondig en eie-ek gerig as die keuse vir grense en die besluit waar dit moet wees nie net soos sinodale-, rings- en kerkraadsbesluite oor die feit van grense en die aanduiding van grense nie meer goddelik is nie.

Hieruit volg dit vir hom (:536) dat die besluit waar lidmate tuishoort 'n menslike keuse bly en hy aanvaar dit as 'n gegewe wat aanvaarbaar is dat daar in die moderne samelewing 'n behoefte by sommige lidmate bestaan om self te kies by watter gemeente hulle wil inskakel.[11] Dit maak nie vir hom saak of dit gaan oor bedieningsbehoeftes,

11 Van Staden (1992:3) praat in hierdie verband van "vrye assosiasie". Hy stel dit as 'n nuwe en noodsaaklike benadering teenoor 'n grens-georiënteerde denke wat tradisioneel by die kerk bestaan en kerkordelik gereël word. Met "vrye assosiasie" bedoel hy dat grense nie absoluut is nie en dat lidmate dan vry is om assosiasies te vorm met mense wat hulle ander belange naas die kerk binne wie se grense hulle bly, deel. Hy wys wel op die gevare, maar sê terselfdertyd dat terwyl die kerk die suiwere verkondiging van die evangelie handhaaf, predikante tog baie

taal- en kultuurverskille, 'n neiging tot charismatiese teenoor 'n meer gereformeerde aanklank, of selfs polities meer liberaal teenoor meer konserwatief nie (:535). Hy aanvaar selfs dat in laasgenoemde twee gevalle die verlies van lidmate en kerkskeuring van die laat 1980's vermy kon gewees het indien kategoriale gemeentes op die lyne van hierdie verskille tussen mense gevorm kon geword het. Uit sy bespreking van hierdie en ander praktiese voorbeelde blyk dit dan ook dat hy heeltemal pragmaties in dié verband is en hom werklik net deur die omstandighede wil laat lei (:534 e.v.), alhoewel hy tog waarsku teen die gevaar dat nie-geografiese grense kan lei tot "geesgenootskap ten koste van geloofsgenootskap" (:536). Dieselfde soort pragmatisme word ook duidelik in die nadele wat die verslag voor die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1994 van afdwingbare geografiese gemeentegrense voorgehou het (Ned. Geref. Kerk 1994:288 e.v.; vgl Ned. Geref. Kerk 1998:302) en wat reeds hierbo aan die orde gestel en bespreek is.

Daar is egter ook 'n ander kant aan hierdie saak.

## 6.3 Grense en die voorsienigheid van God

In die gereformeerde denke is nog altyd vasgehou aan enersyds die voorsienigheid en beskikking van God, en andersyds die totale afhanklikheid van die mens. Hieruit, in teenstelling met die vryheid van die mondige mens as uitgangspunt, word geglo dat God self sy kerk, en by implikasie dus elke gemeente, skep en onderhou deurdat Hy mense deur sy Gees in geloof aan Jesus Christus vasbind[12] (Celliers 2003:203; Schnackenburg 1974:24 e.v., 152 e.v.; Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 54). Alhoewel daar nog altyd hiermee saam vasgehou is daaraan dat God gewoonlik op 'n indirekte manier werk deurdat Hy aan die mens gawes, vermoëns en die verantwoordelikheid gee om besluite te neem en dinge te doen (Bouwman 1928:73; Burger 1999:106),

harder daaraan sal moet werk om die eie aard van 'n gemeente te populariseer en uit te bou, sodat lidmate nie net van die gemeente sal weggaan nie, maar dat ander wat deur die aard van die gemeente aangespreek word, weer daar sal aansluit (:6).

12 Geen enkele kerk en geen enkel lidmaat dankt zijn ontstaan en zijn bestaan aan eigen wil of het werk van menschen, maar enkel en alleen aan het werk van Christus, die door zijn Woord en Geest roept tot bekeering en leven, die zelf den drang naar de gemeenschap der heiligen heeft ingeplant, en zelf den regel des levens heeft voorgeschreven (Bouwman 1934:10).

kwalifiseer die inherente afhanklikheid van die mens aan sy Skepper en Vader steeds sy wilsbesluit oor waar hy/sy wil inskakel (vgl. Ned. Geref. Kerk 1998:302). Dit beteken prakties dat die lidmaat altyd die moontlikheid baie ernstig moet oorweeg dat God hom om ’n bepaalde goeie rede binne die geografiese grense van ’n bepaalde gemeente geplaas het, al beleef hy dit negatief. Ons lewe immers onder die voorsienigheid van die lewende God.

## 6.4 Geen willekeurigheid

In die beskrywingspunt van die Sinode van Noord-Kaapland waarna hierbo verwys is, word tereg gesê dat waar lidmate self besluit waar hulle wil inskakel, dra dit

> die kiem van vernietiging die kerk binne omdat die klem in dié tipe denke verskuif van die opbou van die gemeente deur die amptelike diens van die Woord na die persoonlike voor- en afkeure van lidmate en hulle sogenaamde “bedieningsbehoeftes (Ned. Geref. Kerk 1998:302).

Trouens, dit neig na die independentisme met sy entoesiastiesrewolusionêre kerkregtelike beskouing en demokratiese idee dat die gesag binne die kerk uitgeoefen word deur die gelowiges gesamentlik volgens die wil van die volk[13] (Bouwman 1928:72, 268 e.v.). Ter wille van lidmate en die gemeente as geheel se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, wat die waarheid van die evangelie soos uitgedruk word in die belydenis en geloofsgehoorsaamheid insluit, of, anders gesê, ter wille van die geloofsidentiteit van die gemeente en hulle getuienis na buite, moet die gemeente onverhinderd en sonder skroom met die Woord, die sakramente en die tug bedien kan word. Die Skriftuurlike feit dat die gemeente ’n korporatiewe eenheid is waarin lidmate onlosmaaklik

13 In die independentistiese stelsel word die reg om by ’n “kongregasie” aan te sluit nie deur die grense tussen gemeentes bepaal nie, maar word dit uitsluitlik aan die willekeur van gelowiges oorgelaat (Kleynhans 1982:75). So word alle natuurlike en geografiese bindinge genegeer: die kerk is daar waar gelowiges onder een dak saamkom, sonder enige dwang en vrywillig. Elke groep is ’n losstaande eenheid op homself en heeltemal onafhanklik van ander groepe of gemeentes wat op ander plekke of selfs op dieselfde plek mag bestaan. Kleynhans (1982:78) merk tereg op dat die groot ruimte wat vir individuele willekeur gelaat word, asook die geringskatting van die kerkverband ruimte laat vir leervryheid, stryd en verbrokkeling van die kerklike lewe.

aan mekaar verbonde is, vir mekaar verantwoordelikheid moet aanvaar en elkeen 'n bedieningsverantwoordelikheid het (Giles 1995:187; Guthrie 1981:788), hou in dat die huidige individualisme wat die samelewing kenmerk, in die gemeente doelbewus teëgewerk moet word deurdat lidmate moet leer dat hulle mekaar nodig het, vir mekaar moet sorg, vriende moet word, mekaar leer liefhê, mekaar moet vermaan en moet toelaat om vermaan te word (Celliers 2003:253 e.v., 273). Hierdie dimensies van gemeentewees met al die fasette wat daarmee saamgaan, plaas 'n ernstige vraagteken op enige willekeurigheid en vrye beweging van lidmate tussen gemeentes (vgl. Ned. Geref. Kerk 1998:302).

## 6.5 Grense en die verskeidenheid

In veral stedelike situasies waar honderde-duisende mense bymekaargetrek is en afstand nie 'n probleem is nie, kan 'n situasie waar lidmate vry is om self te besluit waar hulle wil inskakel, maklik ontaard in 'n soort-soek-soort-opset wat kan lei tot eendersdenkende en eendersdoenende gemeentes. Dit bring baie maklik die Godgewilde verskeidenheid soos dit byvoorbeeld in die liggaamsbeeld van 1 Korintiërs 12 na vore kom, in gedrang (vgl. Ned. Geref. Kerk 1998:302 en Dingemans 1987:81). Dieselfde geld wanneer iets soos bedieningsbehoeftes en -styl te maklik as kriterium vir gemeentegrense sal geld. Gesonde verskil in mening wat saamval met 'n verskeidenheid van denke en wat nodig is vir groei in geloofskwaliteit, kan ook op hierdie manier te maklik vermy word.

## 6.6 Grense en eenheid

Die invloed wat willekeurigheid op die kerkverband en die eenheid van die kerk kan hê en wat hierbo reeds aan die orde gestel is, is juis ook hier belangrik. Dit onderstreep die belangrikheid van gemeentegrense wat nie aan die willekeur van gelowiges oorgelaat moet word nie. Eendersdenkende en eendersdoenende gemeentes kan aanleiding gee tot geestelike hoogmoed waar die bepaalde spiritualiteit van 'n spesifieke gemeente dan verhef word tot meer besonders as dié van 'n ander gemeente (vgl. Dreyer 2001:51 e.v.). Só 'n wyse van doen kan aanleiding tot kompetisie tussen gemeentes gee en die rol wat individue speel, veral dié in die besondere bedieninge, buite verhouding vergroot (Ned. Geref. Kerk 1998:302). Dink maar aan die invloed wat 'n goeie of 'n swak pre-

diker op 'n gemeente kan hê. Kompetisie lei ook daartoe dat gemeentes na binne gerig funksioneer met die gevaar dat alles wat gedoen word, op die gemeente self gerig is eerder as op God en sy koninkryk. Dit vernietig uiteraard ook die eenheid van die kerk aangesien gemeentes nou nie meer saamwerk in hulle afgegrensdheid van en gerigtheid op die wêreld nie, maar teen mekaar werk vir hulle eie voordeel. Op hierdie manier word die Godgegewe geloofsidentiteit van die kerk verruil vir 'n gemeente-identiteit wat dan as 'n voorwaarde vir lidmaatskap begin geld. Hierdie gemeente-identiteit en die eendersdenkendheid wat daaraan gekoppel is, bring noodwendig 'n bepaalde eensydigheid mee, wat die vraag na die goeie deurwerking van die evangelie in mense se lewens aan die orde bring en ook die moontlikheid van dwaling in leer en lewe groter maak.

## 7. TEN SLOTTE

Dit is so dat die skuiwe in die moderne samelewing nuwe eise aan die kerk stel. Dit bring ook die Ned. Geref. Kerk voor uitdagings waarvoor daar nog nie presedente bestaan nie. Die kerk kan nie kop in die sand steek en hoop hierdie uitdagende tye gaan verby sonder dat dit die kerk te veel raak nie. Daarom moet die kerk die uitdagings in die oë kyk en bereid wees om paradigmaskuiwe te maak om in en vir hierdie tyd kerk te wees soos God dit bedoel het. Die tydsgees mag egter nie die leidende beginsel wees en die laaste woord spreek in die wyse waarop die kerk hierdie uitdagings aanvaar nie. Die kerk se voortbestaan is in God se hande en daarom lê sy relevansie nie in die eerste plek in die vermoë om by elke nuwe situasie en konteks aan te pas en in te pas nie, maar in gehoorsaamheid aan hulle Skepper, Verlosser en Krag. Daarom is die kerk se eerste taak in elke nuwe uitdaging en veranderde konteks om terug te gaan na die Woord vir lig op die hede. En om ook te gaan put uit hoe die kerk in die verlede nuwe uitdagings en kontekste hanteer het — en uit die foute en suksesse te leer.

In verband met gemeentegrense en NGO, en die implikasies daarvan vir kerkverband, geld dieselfde. Hierbo is gesien dat gemeentegrense tog nie 'n blote praktiese saak is wat pragmaties hanteer kan word nie. Om die besluit by watter gemeente 'n gelowige wil inskakel aan willekeur oor te laat, hou nie net ernstige gevolge vir die kerkwees van gemeentes in nie, maar ook vir die kerkverband soos dit in die Ned.

Geref. Kerk vanuit die Skrif verstaan word. Die reëling van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1994 dat lidmate op grond van *bona fide* redes met toestemming van beide kerkrade oor gemeentegrense heen, wat geografies gereël word, kan inskakel, is 'n goeie reëling en behou juis die beginsel van objektiwiteit sonder om van gemeentegrense 'n rigiede wet te maak. Dit is werklik jammer dat dit laat vaar is, want die 2002-besluit het die gelowige mens in die plek van God as handelende Subjek in gemeentevorming, gestel. Alhoewel 'n kerkorde nie te veel detail moet bevat nie (Bouwman 1928:327), sou 'n goedgedefinieerde omskrywing van verkeerde redes as 'n noodmaatreël in die lig van die feit dat in die praktyk dié besluit nie orals toegepas word nie (Janse van Rensburg 1998:83 e.v.; vgl. Ned. Geref. Kerk 1998:302), 'n goeie aanvulling tot die 1994-reëling kon wees wat genoeg ruimte sou laat in die lig daarvan dat gemeentegrense eintlik 'n middelmatige saak is. Behalwe bogenoemde besluit van die Algemene Sinode 1994 is daar in die Ned. Geref. Kerk reeds ruimte gemaak vir kategoriale gemeentes. Dié sou wel uitgebrei kan word om ook nuut-ontwikkelende kultuurverskille te akkommodeer.[14] Weer eens sal dit egter met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid gedoen moet word. Ter wille van objektiewe besluitneming sal die kerkraad/e saam met die betrokke ring én sinode op die prinsipiële gronde wat hierbo aan die orde gekom het, die besluite moet neem. Dit sal wenslik wees om eers na alternatiewe binne die bestaande gemeentelike strukture te soek voordat 'n finale besluit geneem word vir die stigting van 'n nuwe kategoriale gemeente. NGO sal binne hierdie ruimte moet funksioneer en met kreatiewe wysheid en insig vashou aan die gereformeerde belydenis en 'n kerkinrigting wat gebou is op gereformeerde beginsels. Die uitskakeling van menslike willekeur en die behoud van objektiewe maatstawwe vir gemeentegrense,[15] sal deurentyd hoog op die pri-

14 Wanneer Bouwman (1928:429) sê: "[D]aarom kan het nodig zijn, dat het voor de goede bearbeiding der gemeente noodig is, meerdere kerken in ééne plaats tot openbaring te bringen", bedoel hy waarskynlik meer gemeentes wat geografies van mekaar in een stad geskei is, maar die beginsel wat hy stel is belangrik. Dit gaan oor die goeie bearbeiding van die gemeente. In dieselfde asem sê hy dan ook dat "[D]e orde is er niet om het leven en doden, maar om het te bevorderen en te leiden".

15 Soos dit reeds duidelik geword het, kan objektiewe maatstawwe uiteraard ook iets anders as geografiese lyne wees.

oriteitslys moet wees. Gepaardgaande hiermee sal NGO beide die bestaande gemeentes en die kerkverband moet respekteer om binne die Ned. Geref. Kerk 'n paradigmaskuif teweeg te bring wat in diens van die Drie-enige God en sy handelinge in die wêreld staan. Terselfdertyd sal baie energie ingesit moet word om die Ned. Geref. Kerkverband te reformeer tot 'n belydenisverband van volledige kerke wat hulle in vrywillige gehoorsaamheid aan God, onderwerp aan die Christusgesag van meerdere vergaderings.

## BIBLIOGRAFIE

BANKS, R.

1980. *Paul's idea of community. The early house churches in their historical setting*. Exeter: Paternoster.

BOUWMAN, H.

1928. *Gereformeerd kerkrecht I*. Kampen: Kok.

1934. *Gereformeerd kerkrecht II*. Kampen: Kok.

BURGER, C.

1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON. Gemeente en bediening 4.

CELLIERS, A.

2003. Skrif en Kerkorde. Enkele konstantes vanuit 'n veelkantige beeld. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

COERTZEN, P.

1993 Kerkverband: kerkregtelik-teologiese voorwaardes en definisies. *St Hist Eccl* 19(2):94-112.

DE VILLIERS, P.G.R.

1988. Die eenheid van die kerk. Handelinge 15. In: P.G.R. de Villiers (red.), *Hoe lees 'n mens die Bybel?* (Pretoria: UNISA), pp. 98-115.

*DIE KERKBODE*

1994, 155(10), 9; 1995, 156(19), 9; 2002, 169(6), 9.

DINGEMANS, G.D.J.

1987. *Een huis om in te wonen. Schetsen en bouwstenen voor een kerk en een kerkorde van de toekomst*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

DREYER, G.H.P.

2001. Kerkreg en kerkregering in die opbou van die kerk soos toegespits op die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde D.Th.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

DU PLOOY, D.

2005. Kerkeenheid, kerkverband en kerkskeuring. *Die Kerkblad* 10:20-22.

GIBBS, E. & COFFEY, I.

2001. *Church next. Quantum changes in Christian ministry*. Leicester: Inter-Varsity.

GILES, K.

1995. *What on earth is the church? An exploration in New Testament theology*. Downers Gove: Inter-Varsity.

GUTHRIE, D.

1981. *New Testament theology*. Leicester: Inter-Varsity.

HEYNS, L.

1992. Gemeentes sonder grense. *NGTT* 33(4):530-537.

JANSE VAN RENSBURG, J.

1998. Kla jou moeder aan. In: S.D. Snyman (red.), *Is die NG Kerk nog die NG Kerk? Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk* (Wellington: Hugenote), pp. 80-88.

KERKORDE

2004. *Die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met reglemente, kerkordelike riglyne en funksionele besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2004*. Wellington: Lux Verbi.BM.

KLEYNHANS, E.P.J.

1982. *Gereformeerde kerkreg. Deel 1. Inleiding*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

1985. *Gereformeerde kerkreg. Deel 3. Kerkverband en kerkvergaderinge*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

NAUTA, D.

1971. *Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen: Kok.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

1990. *Handelinge van die agtste vergadering van die Algemene Sinode. Sl*: *sn*.

1994. *Handelinge van die negende vergadering van die Algemene Sinode. Sl*: *sn*.

1998. *Handelinge van die tiende vergadering van die Algemene Sinode. Sl*: *sn*.

2002. *Handelinge van die elfde vergadering van die Algemene Sinode. Sl*: *sn*.

2004. *Handelinge van die twaalfde vergadering van die Algemene Sinode. Sl*: *sn*.

OLIVIER, I.J. & VAN DEVENTER, H.J.M.
2004. Kerklike bediening aan die postmoderne stadsmens. *In die Skriflig* 38(1): 1-28.

POP, F.J.
1978. *De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs*. Nijkerk: Callenbach. PNT.

SCHNACKENBURG, R.
1974. *The church in the New Testament*. London: Burns & Oates.

STRAUSS, P.J.
2001. Kerkverband in die Ned. Geref. Kerk vandag. *NGTT* 42(3 & 4):395-405.

VAN STADEN, P.
1992. Van gemeentegrense tot vrye assosiasie. *Die Hervormer* 85(4):3, 6.

VAN VUUREN, S.
1992. Oop gemeentegrense of nie? *Die Kerkbode* 149(2):4.

VAN ZYL, H.C.
1989. 'n Redaksie-historiese lesing van Handelinge 15:1-35. *Acta Theologica* 9(1):43-61.
1997. Die huiskerk in die Nuwe Testament — model of mite? In: R.M. Britz (red.), *Kleingroepbediening en selgemeentes* (Bloemfontein: CLF), pp. 36-46. U.V. Teologiese Studies 9

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
| --- | --- |
| Gemeentegrense | Congregational boundaries |
| Nuwe Gemeente Ontwikkeling | New Church Development |
| Kerkverband | Denomination |
| Kerkorde | Church order |